



NG Kerk Kraggakamma
Ons is God se Fontein van Liefde / Hart vir Nelson Mandelabaai

VRUGTE VAN DIE GEES

Karakters is Stoffel, Wouter, Lizzy en Wismuis

Stoffel en Wouter by n mandjie vrugte.

Stoffel: Haai Wouter, kyk net al hierdie lekker vrugte....Mmmmm... piesangs,lemoene, appels...

Wouter: Oeee... ek is nou lus vir n naartjie.... Is hier naartjies?

Stoffel: Sonder pitte of met pitte?

Wouter: Met pitte, want dan kan ons kyk wie spoeg die pitte die verste!

Stoffel: Ek dink nou net... ons het mos nou die dag by sondegskool van die Vrug van die Heilige Gees geleer.

Wouter: Haai , Stoffel, het jy sowaar geluister? O ja....daar is mos n klomp... ehhe..... Liefde, vrede....vreugde.....Geduld.....goedheid... ek kan nie nou die ander onthou nie...

Stoffel: Ek dink ons moet n bietjie oefen om die Vrug van die Gees uit te dra. Ek gaan vandag aan my geduld werk of dalk aan my vreugde....

Wouter: Hmmmm... miskien moet ek goedheid probeer

Lizzy kom in . Lyk maar bietjie bek-af.

Stoffel: En n “Goeie More” aan jou ook , Lizzy!

Wouter: Ja! Se jy nie meer more nie, Lizzy?

Lizzy: [dikmond] Oh , more Stoffel.... More Wouter.

Stoffel: Wat gaan met jou aan? Hoe is jy dan so dikbek?

Lizzy: Ag dis als daai Wilma se skuld!
Wouter: Wilma?

Lizzy: Daai meisie in my netbalspan!

Stoffel: Ohhhh.... Wille Wilma.....Ja-nee, my ma se altyd ons moet maar ver weg van haar af bly!

Lizzy: Ja, wel sy boelie my al ewig. Sy stamp my van die baan af en nou die dag het sy my gebyt en my hare getrek. Toe ek vir juffrou se , toe maak sy of sy van niks weet nie en ek die een is wat jok en stories opmaak.Ek weet nie meer wat om te doen nie. Kan julle my help?

Wouter: Toemaar, Toemaar... Ek is hier vir jou. Ek gaan heeldag probeer hier wees vir jou.

Stoffel: Ja, vat maar jou tyd..... ek het die heeeeele dag!

Lizzy: Huh.... Julle maak nie sin nie...Gaan julle my nie raad gee nie?

Stoffel: Ooo? Ons oefen die Vrug van die Gees! Ek oefen vandag net geduld...

Wouter: Oh en ek oefen Goedheid.

Lizzy: Waaaat????Ek dink nie dis heeltemal reg nie.Ek dink ons moet vir Wysmuis gaan roep. Sy sal weet hoe hierdie Vrug van die Gees ding werk. WYSMUIS, WYSMUIS!

Wysmuis kom op.

Wysmuis: More Julle! Wat gaan aan? Hoekom soek julle my?

Almal: More Wysmuis!

Lizzy: Stoffel en Wouter praat van Die Vrug van Gees...maar hulle maak nie vir my sin nie!
Kan jy ons help?

Wysmuis: Natuurlik kan ek help. Die Bybel praat in Galasiërs 5 oor die Vrug van die Gees wat ons in ons lewens moet he as ons kinders van God is. En julle is mos kinders van God , nie waar nie?

Almal: Jaaaaaa.

Wysmuis: Nou ja , die Bybel leer ons dat ons ook vry is en daarom lewe ons met die Heilige Gees in ons. Die Vrug wat ons dan dra is al die goeie goed wat van God af kom.

Wouter: Hoeveel vrugte is daar, Wysmuis?

Wysmuis Oeee daar is 9. Liefde, vrede, vreugde, geduld, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing!

Stoffel: Sjoe , Wysmuis... dis n mondvul! Ek wou vandag net Geduld oefen. Toe se ek sommer vir Lizzy sy kan maar heeldag praat ek het baaaaie tyd.

Wouter: Ja en ek wou Goedheid oefen , toe se ek vir Lizzy ek is hier vir haar vandag!

Wysmuis: Ja, ek kan sien julle het dit maar net goed bedoel ,maar die Bybel leer ons eintlik om al die vrugte in ons lewens te he. Ons moet probeer om al die goeie goed te doen. Dis nie altyd maklik nie,maar weet julle God help ons daarmee. Ons moet net Bid en vir Hom vra.Hy kom gee ons die krag!

Lizzy: Sjoe , dankie Wysmuis. Nou verstaan ek beter en voel ek al klaar beter. Ek gaan Wilma vergewe en vir God vra om my te help om die Vrug van die Gees in my lewe te hê!

Stoffel en Wouter: Jaaaaaaa!

Almal groet: Baai maatjies....tot volgende keer!!!!!!

Geskryf deur Petru Vlok